

Minette Brink

Proloog

Op 'n dag ontvang ek een van daardie 'forwards' in my e-Pos. Gewoonlik druk ek die 'delete' knoppie sonder om dit te lees. Soos die noodlot dit wou hê, maak ek dit *die* keer oop, vat 'n lang slurp aan my beker koffie, en begin lees.

Aan die einde van die e-pos, lees ek dit weer, en begin soek vir die naam van die skrywer. Tevergeefs. Die e-Pos het sy oorsprong in *Australië*, van alle plekke! Ek skryf terug aan die stuurder van bogenoemde e-pos en vra oor die artikel se oorsprong. Na 'n soektog wat Sherlock Holmes na'n amateur sou laat lyk, kom ek toe op *Minette Brink* af.



Minette is verbonde aan die Republikein - die enigste Afrikaanse dagblad in Namibië. Ek maak dadelik kontak en, op my aanvraag, stuur *Minette* vir my nog van haar artikels met toestemming om die artikels op my webblad te gebruik. Intussen leer ek haar ken en 'n vriendskap groei.

Minette... Kaalvoet Afrikanernooi, **sy**, wat hunker na die duine daarbuite en wat 'n ewige wrok dra oor 'n kantoor met vier mure wat haar gevangenis hou. Gelukkig vir my, en vele ander, voorsien sy ons van haar lekkerlees artikels.

Ek kry toe die blink gedagte om, as 'n verrassing, van haar artikels in boekvorm te probeer bind. Aangesien ons nou in die elektronise eeu is besluit ek om 'n e-Boek saam te stel, en hier is die resultaat.

Jammer ek moes jou so aan 'n lyntjie hou, *Minette*, ek hoop jy hou hiervan!

Mooi loop

[Peter](#)

Minette

Inhoud

1. [Almal wag](#)
2. [Anoeschka](#)
3. [As jy kon kies](#)
4. [Banke](#)
5. [Bikers](#)
6. [Blomme en dinge](#)
7. [Bly of gly](#)
8. [Boelies](#)
9. [Diep dankbaar](#)
10. [DJ's](#)
11. [Een dag op, ander dag af](#)
12. [Ek is terug in die land van my baar](#)
13. [Fantasie](#)
14. [Francina Skrywer is dood](#)
15. [Groente](#)
16. [Hart aan flarde](#)
17. [Hoekie vir eensames](#)
18. [Jintelman](#)
19. [Sy kan nie hier oud word nie](#)
20. [Yalla Habibi](#)

1. Almal wag

Vir die skip om te kom. Vir die een wat die hart gaan heelmaak. Vir payday. Vir beter dae. Daar hang 'n sadness oor die afwagtinges. Soos siekes in 'n spreekkamer wat weet dat die dokter op onbepaalde verlop is. Ons is so vasgevang in die alledaagse roetine van oorlewing dat ons nie meer weet wat om te verwag nie.

Tien jaar terug se drome het vervaag in die niet. In 'n 'ek-dink-nie-ek-kan-dit-meer-doennie'. Sê wie?

Elke dag brul met uitdagings en moontlikhede.

Ons moet net nie toelaat dat ongelukkige mense ons spontaneïteit onderdruk nie.

Soos die naweek op Swakop. Ek sit op die sypaadje en eet slaptjips in bruin papier. Ghries op die wange. Seebries in die hare. Winterson op die rug. Advertensie-materiaal. Suur tannie stap verby en klik verontwaardig. Ongehoord, skril sy vir haar oordonderde man wat met dooie oë agterna sleep. Ek kyk haar al kouend agterna en ek sidder. Wat is ongehoord, sou ek graag vir haar wou vra. Wat het vir tannie so ongelukkig gemaak dat tannie so swaar aan die mondhoeke dra? Miskien moet ek haar inhardloop en vertel van gisteraand. Toe ek geblikte shrimps en mayonnaise uit 'n frisbee geëet het. Bo-op 'n duin met 'n blikbeker vol OBS in die hand. Heel dekadent. Wat 'n voorreg. Wat 'n sonsondergang. Wat 'n heerlike sooibrand. Maar ek los dit liever, want sy sal my seker laat sertifiseer.

Ek weet almal se smake en voorkeure verskil en dis reg so. Party mense hou van formaliteit

en leef dit uit sonder om jou soos 'n pleb te laat voel. Maar ek het 'n probleem met die alewige vooruitbeplanning, die reëlings, die VIP-lyste en die gevolglike rampspoedige partytjie. Dis die gewag op die groot dag wat die lekker wegvat. Jy stress jou op oor die rok, die skoene, die partner, die baby-sitter. Dan kom die groot aand. Jy blaas soentjies verby onbekende beroemdes se wange. Hiperventileer in jou stywe nommertjie. Heelwat jolig met 'n tikkie jolyt. Maar die heelyd knaag die gewonder in die agterkop -- gaan die antwoord homself op hierdie geleentheid ontbloot? Gaan ek vanaand insig verkry? Gaan die wyse man van sy berg af kom en al die raaisels oplos? Met my luck sal die wyse man iets sê soos: Die Noordelig skyn op die bont chrysalis, vasgevang in koue kristal. Huh? The plot thickens. Dis presies wat met ons lewens gebeur het. Ons worry te veel oor die uiterlike. Ons wag vir die groot dag wanneer alles anders gaan wees. Te veel kennis en inligting van buite maak ons koppe nog meer deurmekaar. En wat gebeur?

Ons vergeet die basics. Ons vergeet om net te lewe. Al is die geldjies skraps en die rekeninge 'n berg.

My ma kla oor ek so baie kaalvoet loop. Dis so gesond, Ma. Al is my hakke so gebars ek kan Daisies daarin plant. (Ok, nie regtig nie.) Daar loop Ma toe die hele Swakopnaweek ook kaalvoet. En sy gloei, want dis lekker.

Skud los die stywe bollas. Dans met 'n kind. Hardloop in die reën. Gee lekker stywe hugs as jy so voel. Runnik soos 'n perd as die lag oorloop. Wees somer net simpel as dit moet. Kyk vir 'n slag ordentlik in die spieël en sê 'howzit!' vir die wyse man wat vir jou terugkyk.

En skielik is die wagkamer leeg.

Minette

[Terug na Inhoud](#)

2. Anoeschka

Soms kom daar mense oor jou pad wat net anders is. Anoeschka von Meck is en sal altyd 'n enigma bly.

Ek kan nie sê dat ons vriendinne was nie, ook nie kennisse nie, al het ons mekaar ten minste een keer 'n maand gebel om te hoor of dit 'donker hool' of 'chlorofil' sal wees. Dan sou ons tussen een en twee of by die mees verskanste tafel van 'n donker kuierplek in Sam Nujoma gaan sit en brom of kwekery toe ry vir vars lug en muesli-shakes.

Soms sou ons vreeslik diep raak en die lewe uitmekaar trek en weer aanmekaar probeer sit. Ander kere sou ons sommer net niks sê nie, net oor mekaar se skouers die niet in staar.

Vrydagmiddag het sy haar hoekie in die kantoor kom leegmaak en koebaai gesê. Toe sy weg is, het ek by haar tafel gaan staan en gesien dat die Bybeltekste en Kinderbybelprentjies net so teen die mure gelos is. Miskien in die hoop dat die volgende een wat daar gaan sit net so hoog op geloof sou raak soos sy. Dis erg, die leegheid wat iemand kan agterlaat. Dit hang in die lug, druk swaar op my hart.

Teen halfsewe Vrydagaand staan 'n paar van ons op die stasie om die trein Upington toe af te sien. In die laaste wa kry ons haar, besig om haar aardse besittings in twee tasse en 'n paar sakke te rangskik. Haar oë blink toe sy ons sien en daai breë smile trek nog wyer as gewoonlik. "Haai," lag sy, "ek kan dit nie glo nie."

Natuurlik, wil ek sê, maar soms is daar nie woorde wat reg genoeg klink vir hartstories nie. Toe praat almal maar oor nonsies en die weer in Upington en of sy genoeg padkos het en tussendeur neem iemand foto's.

Ek beny haar, die manier hoe sy nooit wortelskiet nie, hoe maklik sy haar goed kan pak en aanbeweeg na 'n volgende plek, land, avontuur.

"Kan ek nie maar saamry nie," vra ek. "Ek het die kinders se paspoorte hier in my sak."

"Klim," lag sy en ons kyk vir mekaar met 'n anderste verstaan. "Eendag," sê ek en gooi my arms om haar nek.

Die trein maak wegtrekfluite en stadig kom die wiele aan die rol. Ek en die kinders hardloop saam.

"Geniet alles," skree ek uitasem deur die oop venster. "Ek sal," skree sy terug en gee dan laaste orders." Kyk in my onderste laai, daar's nog baie goed wat jy kan gebruik. Skryf, suster, skryf!" En dan is ons by die brug en kan ons nie verder nie. Ons waai en waai en waai totdat die agterste trok se liggies streperige spikkels in die verte maak. En dan is sy rêrig weg. Sommer net so. Weg.

Ek voel skielik verskriklik alleen. Daar in die donker op 'n perron wat eintlik enige plek op aarde kon wees. 'n Spikkeltjie mens in die grote wye wêreld wat op daai oomblik so bitterlik graag vir iemand wil vertel hoe baie ek vir Anoeschka gaan mis.

Omdat sy soggens en saans die honde langs die pad na haar huis toe polonie gevoer het. Oorlat sy gestap het waar sy wou wees en nooit bang was vir die donker nie.

Vir die geweet het, verstaan het, vir die dieper kon kyk en vir niemand anders vertel het wat sy onder die vel kon sien nie. Omdat sy die enigste mens is wat ek ken wat onvoorwaardelik lief is vir die mensdom. Met al sy geite.

Ek weet ek sal haar weer eendag raakloop. Hopelik in 'n donker hool in 'n systraatjie in Marokko. Dalk teen 'n piramide iewers langs die Nyl.

En dan sal ons ons prate verder praat en lag oor die lewe wat vir ons dag na dag uitmekaar trek en weer aanmekaar sit.

Maar tot dan sal ons annerkant die longdrop bly kyk en bly hoop, bly glo.

Mooi loop, Snoek, en skryf, suster, skryf...

3. As jy kon kies

Ek kuier by my weird vriendin. Die een met tuinfeetjies en 'n duisend kristal mobiles.

Ons drink groentee uit miniskule Ooste-koppies.

Sy vou haar kaftan om haar gekruisde bene en kry 'n veraf uitdrukking in haar oë.

'As jy een wens kon kry wat bewaarheid sal word, wat sal dit wees,' vra sy in 'n stem so sag soos die wind.

Ek bekyk my pasgeverfde pers toonnaels vir 'n rukkie en sê dan versigtig: Moenie dink ek is simpel nie, maar as een wens nou, op hierdie oomblik kon waar word, sou ek wens dat die hele mensdom met blindheid geslaan word. Fisies blind. Elke liewe persoon op hierdie aardbol.'

Ek wag dat sy vir een keer in haar lewe heftig gaan reageer, maar sy is stil.

'Dink mooi hieroor. Dit klink verskriklik wreed, maar stem jy nie saam dat dit op die lang duur die enigste manier is waarop mense weer tot hul sinne geruk sal word nie?

Dit sal aanvanklik 'n chaos veroorsaak, maar geleidelik sal mense leer om weer te luister en te voel en te proe en oor die algemeen die lewe van voor af te ontdek.'

Sy sê nog steeds niks. Vou net haar amper deurskynende hande om die teekoppie.

'Niemand sal meer kan bestuur nie en daardeur sal die lug onmiddellik vry wees van besoedeling. Fabrieke sal tot stilstand kom en riviere sal weer helder raak. Seediere sal weer aanwas tot hulle volle potensiaal en geen skip sal ooit weer olie kan smeer oor enige kuslyn nie.'

Sy draai na my toe en ek sien vir die eerste keer dat sy amper turkoois oë het. Ek wonder stilweg hoekom iemand so aards soos sy gekleurde kontaklense sal dra. Dan vra sy met 'n geamuseerde glimlag: En waarvan sal die mense leef? Wat sal hulle eet? Waar sal hulle geld vandaan kry?

Ek het 'n antwoord reg.

'Hulle sal eers al die winkels stroop en sodra die voorrade op is, sal hulle besef dat dit terug is na die oerdieet van groente en vrugte en sade. Die meer bewustes sal dadelik 'n plan maak om plantasies aan te lê en selfonderhoudend word. Die grootste 'struikelblok' sal die aanvanklike aanpassing wees om jouself te orienteer en dan doelgerig die wêreld om jou te verander.'

Sy knik haar kop.

'Almal sal vir die eerste keer op alles behalwe die uiterlike geoordeel word en so sal 'n mens se persoonlikheid die maatstaf wees waaraan jy gemeet word. Nie aan die vorm van jou neus, die tekstuur van jou hare, die kleur van jou oë of die omvang van jou gewig nie.

Niemand sal ooit weer kan afshow met hulle besittings nie, want daar sal niemand wees om daarvoor jaloers te raak nie.'

Ek maak die teepot leeg.

'Het jy al gesien wanneer 'n blinde mens 'voel' hoe iemand lyk? Daar is altyd soveel emosie en deernis en onskuldige nuuskierigheid in die gebaar. Kan jy net dink hoe wonderlik dit sal wees as mense mekaar van nou af so sal leer ken?'

Ek gee 'n lang gaap en begin aanstalties maak. 'Maar dis tog net dagdromery hierdie en ek is bekend vir my voortvarendheid oor goeters waarvan ek eintlik niks weet nie. Laat ek gaan.

Dankie vir die tee. As ek blind was, sou hierdie gejaag ook nie nodig wees nie.'

Sy sweef saam met my na die voorhekkie toe en tel langs die paadjie 'n voetjie op wat op haar sy lê.

'Ek dra nie kontaklense nie' sê sy met 'n fyn glimlag.

En vir die eerste keer sien ek die wit kierie aan haar sy.

[Terug na Inhoud](#)

4. Banke

Hoekom het banke sulke belaglike 'besigheidsure'? Hulle maak oop teen die tyd wanneer ander normale werkers reeds 'n halfuur by die werk is en dan sluit hulle weer 'n hele negentig minute voordat jy uitklok.

Tussen een en twee wanneer die meeste arbeiders hulle rekening betaal, finansies uitsorteer en in rye gaan staan, sal daar NOOIT meer as drie tellers in die glaskaste wees nie. En jy moet mooi kyk want dié drie het ook die nare gewoonte om stil-stil te verdwyn. Dit alles geskied terwyl jy vir die sewende keer kyk na ou Leon Schuster-fliëks, dierevideos of Boesmans wat briewe oor die Namib aandraf. En moenie vergeet van die Asem agter jou wat geen aanvoeling vir persoonlike ruimtes het nie en later met sy lippe teen jou agterkop staan nie.

Sodra 'n manlike teller genadiglik weer sy verskyning maak, moet jy bid dat daar nie 'n aanvallige jong meisie voor jou in die ry is nie, want die transaksie sal aansienlik langer duur omdat daar geflirt sal word en gegiggel sal word totdat Meisie haar telefoonnommer met 'n skaam giggeltjie oor die toonbank gestoot het. Ten spyte van die feit dat al haar gegewens op die rekenaarskerm voor meneer Teller staan en sy van agter in die ry al vir hom kon skree 'Ek gee jou toestemming om my persoonlike inligting te misbruik!'

Ek bekla my lot teenoor die enigste teller in Windhoek wat ook 'n sielkundige is. Toe wys sy vir my haar payslip en ek verloor tydelik die gebruik van spraak. Dis vermetel om die minste te sê. Geen wonder die tellers verdwyn sporadies nie -- om stilletjies te gaan huil oor hul soldy of eerder die gebrek daaraan.

Ook dié dat die meeste van hulle nooit oorloop van borrelende entoesiasme nie.

Die bank is ook baie vinnig op jou spoor as jy twee en dertig dollars in die rooi is en sal jou onmiddellik ontbied om die bestuurder te kom sien. Wat gaan hulle doen as ek die dag bel en sê ek sien ek is nou vyftig dollars in krediet en sal die bankbestuurder my asseblief dadelik kom sien?

Verduidelik dan sommer die buitensporige 'bankkoste' waarvoor ek aanspreeklik gehou word. Ek vat klaar die kans om my geldjies in jou instelling se onbekende hande te plaas, nou moet ek nog betaal vir die voorreg. En dis duurder om geld oor die toonbank te trek as by die masjien buite wat in elk geval permanent buite werking is. Hoekom?

Hoe groter die bedrag wat jy trek, hoe groter die adminfooi daarop. Is dit omdat die bondels note swaarder raak en die tellers fisies uitgeput word of straf die bank jou omdat jy dit waag om jou geld uit hul beleggingsplannetjies te onttrek?

En dan die tjekdebakel. Ek weet dis om veiligheidsredes dat tjeks moet 'lê', maar vir sewe dae? (Ekskuus, werksdae.) Vele studente het al omgekome van honger as gevolg van hierdie simpel vereistes. En wat gebeur terwyl die tjek nou so rustig lê? Daar is of geld in die rekening of nie. Watter verskil maak die sewe dae? As die bank om die een of ander rede onraad vermoed, bel net die betrokke partye en sê dat die tjek vir 'n dag of twee onder kruisverhoor geplaas gaan word en tot verdere kennisgewing in aanhouding is.

Waarlik, so kan dit nie aangaan nie.

En die bliktrommeltjie-onder-die-bed is ook nie 'n uitweg nie, want deesdae is jy nie seker wanneer Bed en Bliktrommel onder jou uitgedra word nie.

Waar's daai Grandpa's...

[Terug na Inhoud](#)

5. Bikers

My ma sê ek moet by 'n klub of sosiale organisasie aansluit. Dan sal ek nuwe vriende maak en my horison verbreed.

Nie dat daar fout is met die bestaande vriende nie, maar daar is altyd plek vir nog en dis sommer nonsens dat Saterdag net gebruik word om wasgoed te was en voor die TV te lê.

Nou die vraag: waar om aan te sluit.

Rolbal? Nog nie oud genoeg nie.

Tennis? Nie meer die krag of die longkapasiteit nie.

Gholf? Ha, dié het ek een keer op Henties probeer en gate om die bal geslaan voordat ek die ou stokkie die verte in geslinger het. (Ek was wel uiters suksesvol by die Negentiende Putjie.)

Wat bly oor? Perdry, karate, hekel en brei is alles net te veel werk en teen Vrydae is ek lui, lui, lui.

Maar toe breek Saterdag 5 Julie aan, 'n lieflike wintersoggend.

Laai die rondkop huisdiertjies in die kar en vat die pad.

Ons begin by die kerk se poppekas waar die Oom vir die kinders leer dat die evolusieteorie 'n 'stinkstorie' is, daarna 'n draai by 'n ander kerk se basaar waar die jongste amper haar regterlob verloor op die springkasteel, toe na 'daai Bierhuis' toe waar die oudste die Khoi's met neut probeer doodgooi en teen skemer Spur toe vir burgers en genadiglik geen verdere ongevallen nie.

Maar nog is dit het einde niet.

Een selfoonoproepie van 'n ou vriend en tien minute later staan ek en kindertjies in 'n rooi en wit tent omring deur wrede mense in leer- en denimuitrustings. Ek bly toe maar glimlag en sorg dat ek aan niemand stamp of dat die kinders op iemand se reuse stewels spring nie.

Want ons is omsingel.

Deur bikers.

Maar weldra begin ek ontspan, want niemand is kwaad nie, niemand swaai kettings rond nie en nêrens lê iemand roggelend en bloei nie.

Brian Finch kook op die verhoog en toe ek weer kyk, dans die een-wat-van-springkasteelafval met 'n lid van ZZ-Top. My oordrewe verantwoordeliksheidsin slaan in paranoïese kolle oor my lyf uit en ek stoei deur die massas om die kind te gaan red voordat iemand die welsyn bel. ZZ Top het egter ander planne en ek word gegryp om saam te dans. Wat ek uit vrees toe maar doen, totdat die woeste man sy donkerbril afhaal en ek sien dis die symste dokter wat verlede naweek by ongevallen aan diens was.

En my brein skiet oop, want dis hier waar ek wil wees. Tussen oënskynlike rowwe mense wat nie net 'n passie vir rowwe voertuie deel nie, maar ook die lewe met intensiteit ervaar en met drif geniet. Ou mense, minder ou mense, jongmense en (verrassing!) honderde kinders wat saam kuier en dans, soos dit hoort. Soos wat ek nog net op Mafia-troues in fliëks gesien het. Toe begin ek met oortuiging dans.

Baie, baie later die aand sleep ek twee op kinders huis toe en ek klim met 'n salige gerustheid in die bed.

Want môre koop ek die leerbroek en die bandanna, die denimbaadjie en die stewels het ek klaar. En as iemand met 'n rowwe tweewiel my 'n lift wil gee, kry net eers 'n sidecar, want die huisdiere gaan saam.

[Terug na Inhoud](#)

6. Blomme en dinge

Ek is van nature nie 'n romantiese mens nie.

Daar is vir my geen sin in die oorrumpeling deur kaartjies en blomme, wat in elk geval klaar vrek is teen die tyd wat jy met hulle in jou hand staan, en die geyske kersligete nie.

Nie dat ek ondankbaar is wanneer dié geluk wel oor my pad kom nie, dis net nie vir my so oorweldigend soos vir baie ander nie.

In te veel gevalle is dit net 'n geldmaakstorie, soos Kersfees se geskenkmanie, en die arme persoon met die 'goeie bedoelinge' sit met jare se skuld en angsaanvalle oor wanneer die balju aan die deur gaan klop.

Dis net te maklik om die telefoon op te tel, die grootste bos blomme vir jou geliefde te bestel en dan sommer die bewoording speel-speel op te maak, asof jy nog jou lewe lank die Groot Poeët is. Of nog beter, kry jou sekretaresse om alles te doen. Sy is mos 'n vrou en weet immers meer as jy as dit by die regte woorde kom.

Die hartseer storie is dat die meeste vrouens dwarsdeur hul mans se pogings sien en dan ter wille van die vrede ligte snakgeluidjies van bewondering en kamma verbasing oor dié 'onverwagtheid' maak.

Vrydag word al my bogenoemde oortuigings egter verpletter toe ek vaskyk in 'n bos rooi rose met 'n kaartjie wat sê: Remember Israel. En ek dog ek gaan flou val, want die afsender bly in Port Elizabeth en ons het mekaar in 1992 laas in lewende lywe gesien toe ons betrand op die kibbutz afskeid geneem het. Dit was een van daai 'ek-sal-jou-nooit-vergeet-nie' afskeide waarna die Israeliese owerhede vir ewig verwens sou word omdat hulle nie my groot liefde se visa vir die vierde keer wou hernieu nie.

Na twee weke het die trane opgedroog en het sy gesig bitter vinnig vervaag, nie omdat ek wou nie, maar omdat ek net te jonk was vir so 'n verskriklike diepe verbintenis wat oor 'n kontinent sou strek. En ek het in elk geval later gehoor dat hy en sy ou skoolkys mekaar gevind het wat my dus van alle emosionele blaam onthef.

Twee jaar gelede het ek 'n wilde bevlieging gehad en al die verlore kennis probeer opspoor deur middel van intense speurmetodes en ou adresboekies. Soos die mens maar is het die aanvanklike opwindning oor die optel van ou drade weldra ook vervaag en moes e-posse een keer elke ses maande die gewetens sus.

Daarom beteken die bos blomme meer as net 'n gedagte op Valentynsdag. Dit roep beelde op van sneeubedekte valleie, appelboorde in wording, knoffelgevegte in die pakkamers, trekkers wat vassteek in die avokadoboorde, liefde soos net eerste liefde kan.

En ek sug die hele Vrydag lank oor dit wat was en dit wat kon gewees het.

Maar nog is het einde niet.

In my semi-beswyming klouter die skoonmaakster teen die trappe op met 'n enkele geel roos in haar hand.

'Vir jou,' sê sy en hou dit na my toe uit. Ek kyk om, maar daar is net muur aan die agterkant.

Ek is uitgevang. Stom.

Die kaartjie gee ook geen aanduiding vanwaar dit kom nie en my hart wil-wil met my weghol. Toe ek my stem terugkry, word die arme vrou onder kruisverhoor geplaas.

'Wie het dit afgelewer? Hoe lyk hy? Wat het hy gesê? Waarmee ry hy? Wat het hy aangehad?' Maar die inligting bly skraps.

Daarom vra ek dat die blonde man met die wit bakkie dak my asseblief uit my ellende sal verlos. Ek slaap nie saans nie, maar net omdat ek dood van nuuskierigheid.

Ek is mos nie 'n romantiese mens nie...?

7. Bly of gly

Toe Neels se bakkie nou die dag gesteel word, begin soek ek vir 'n ander land. Terug Suid-Afrika toe sal nie werk nie, daar was ek klaar en daar gaan dit erger. My hart is seer en sommer kwaad want waar in die wêreld, Kietie?

Op die internet lyk Australië na 'n idee, Kanada sal seker ook werk en Amerika is darem derde. Maar dis 'n halfhartige soektog want ek wil nie regtig hier weg nie. Dis mos my plek, vol van my goed.

En sal daar mense aan die ander kant wees wat my taal praat en nog kan verstaan waaroor jy lag, waaroor jy huil? Maar intussen gaan die lewe voort en elke dag se opstaan is beswaard en met geen hoop vir hierdie duister kontinent nie.

En op 'n dag beland sy op 'n pad na die noorde en sy weet hier kom 'n ding.

In alle onskuld het sy gesmeek vir ontvlugting uit die stad, vir 'n beter lewe, vir hoop. En toe sy op die C39 klim dink sy 'lieuwe Vader, wat het nou oor my pad op hierdie pad gekom?' En as iemand haar ooit so vra nou waantoe nou, sou sy sê gaan ry die stofpad tussen Outjo en Otavi.

Die C39, skuins voor sononder. 'n Anderster wêreld met anderster wolke, anderster kleure. Soos haar hare, wit verstok van die stof op die wind se rug, verlaat die styfheid van teveel vir-een mens haar lyf.

Die reuke van onsigbare mensies agter kol-kol groen bossies se aandvure, die soetsuur van jong gras vrolik in die lug, die knip-knip van die ou koedoebul se oë langs die pad.

Ek ken jou, sê die jakkals voor hy druiptert die bosse inglip.

Aits, skel die gompou wat net betyds voor die suisende wiele verbyskiet.

Haar gedagtes vlieg by die venster uit en hardloop luglangs voor die kar uit.

Sy maak 'n wye draai oor Ghamkarab, sien hoe die Dorstrandtrekkers uitspan, 'n kerk oprig, eeste aanjaag, kinders kry, kinders begrawe.

Bollemakiesies deur die wolke, terug in die kar.

Hou stil, sê sy vir die bestuurder na 'n vlakvark se skrik om 'n draai.

Sy vaar die veld in en kyk droomverlore oor die stuk oopte waar mielies een van die dae gaan bontstaan.

In die verte kom die skaapwagter met sy trop aan. Mirrag, prewel hy en lig sy laphoedjie.

Mirrag, glimlag sy terug en verwonder haar oor sy oë waarin die wysheid van die eeue lê.

Die sakkende son streep pienk-oranje agter die berge in en die warm lug kry plek-plek koeler ondertone van aand. Die brand op die linkerarm se heeldag sonsit snak verlig na asem in die nuwe koue.

Ons moet ry, sê die drywer en sy wens sy kon haar tassie agter uit die bakkie haal en sommer net hier bly, maar daar's werk en die pad is lank en sy weet nie hoe om skape op te pas nie.

Op 'n noorde-dorp ontmoet sy 'n kollega wat vir weke al 'n hofsak bywoon en die weersiens is opwindend, is 'n inhaal van wat-gebeur-hier-en-wat-gebeur-by-die-kantoor.

Dis cowboy-wêreld hierdie, sê hy. Ja, sê sy, dit het sy gesien en weet jy die mense drink rum 'n raspberry?

Cowboys met 'n verskil, besluit hulle. Elkeen het maar sy vallei, sy manier van doen. So leer ons dag vir dag, broeders.

Drie dae voel soos maande in die verstikkende hitte en haar brein smelt saam met die teer toe hulle terugry.

lewers langs die pad jaag 'n bakkie verby.

"Dit lyk soos my oue," sê Neels. "Ek mis my kar."

Natuurlik, sê ek, maar jy het darem nog hiér.

Hier waar ek ook sal bly.

8. Boelies

Ek het die perfekte blyplek gekry. Ons trek nou Solitaire toe waar ons vrede vir ons siele en die lafenis van oordowende stilte vir ons gemoedere kan kry.

Ek gaan die tuig neerlê en vir Moose help brood bak en vir toeriste liegstories oor my herkoms vertel.

Dit lyk in elk geval of die eindtye op hande is met 'n oorlog en 'n bloedbad in elke tweede land. En dis nie net beperk tot die grootmense nie.

Toe ek gister my kinders by die skool gaan optel, is die oudste bitter hartseer.

"En die trane? En die bloed," wil ek weet.

"Daai een het my in die maag geskop," beduie hy.

Satan's little helper sit en grinnik op 'n swaai, seker om die beste aanvalshoek op my maermerries te bepaal.

My eerste reaksie is om te ontplof, maar tyd leer ken en ek weet darem al dat kinders net die weerkaatsing van hulle ouers se woorde, dade en houdings is.

Toe vee ons maar die bloed op en probeer verduidelik dat dit nie vreeslik normaal is om so aggressief te wees nie. "Ja, maar hy skop die juffrouens ook," en die juffrou wat beangs in die kantoor wegkruip, loer deur die venster en sê "ons weet nie meer wat om met die kind te doen nie. Sy pa sê dis natuurlik vir 'n laatie om so te baklei..."

My verbeelding gaan op hol en ek kan my net indink hoe lyk familiebyeenkomste van sulke 'geweldige' gawe mense.

'Hey, ou Bulla, kom fleks bietjie daai nuwe massils hier vir Oom Jips en die fêmilie! Heits, hier kom pa se grootseun. Kom ons gooi mekaar teen die grond. Een wat eerste bloei is chicken!'

Grootseun is vyf jaar oud en kan sy pa se vingers breek. Albumsvol trotse foto's is getuie hiervan.

Wanneer Bulla saam met Pa voor ongevalle sit en rook, wys Pa vir hom hoe om ongemerk motors se voorruite met sy elmboog te kraak. En Bulla, ou Grootseun, leer so vinnig.

Net daarna ruk Bulla 'n pasiënt se krukke onder hom uit en lag harder as Pa wanneer die arme man net betyds deur 'n verpleegster gevang word.

Teen die tyd is almal in die vertrek goed boos en word die verbysterende sterk pa en seun die gebou belet.

Ek is raadop met die geweld, die aggressie en die kompetisie wat reeds onder vierjariges heers.

"Oee," sê 'n dogtertjie vir 'n maatjie by die kleuterskool. "Waar kry jy daai mooi kryte?"

Maatjie gooi haar koppie kant toe en tuit haar lippies.

"IN LONNDIINNN..."

"Wat is 'n Londinn,' wil die ander een verward weet.

"Oee, maar jy's stupid," snou die klein juffroutjie.

Ek gee op. Niemand moet by my kom sit en sug en vra hoekom die wêreld in so 'n gemors is nie.

En as dit lyk of ek weghardloop van die probleem, dan is dit daarnatoe.

Maar iewers daar buite lê feëtjiesirkels in die veld vir ons en wag, plekke waar ons nog mens kan wees en net kan wéés. Waar niemand jou in die maag skop nie, waar niemand eers wonder wat 'n Londinn is nie en waar Bulla en sy familie uit 'n gebrek aan belangstelling nie langer as 'n dag sal wil bly nie.

Daarom trek ons nou Solitaire toe.

Dis nou as iemand die pad kan beduie...

9. Diep dankbaar

Met 'n diepe dankbaarheid is ek na die vakansie terug in die land waar ek hoort. Agt kilogram swaarder met 'n tan wat klaar aan die afpeul is. Maar dis ook reg, want hierdie jaar gaan lekker dinge gebeur, ek voel dit aan (nee, nie met die helmet gebore nie) en ek is bly dié dinge gaan in hierdie land gebeur tussen die menste mense in die wêreld.

Oy, die Kaap is groen en asemrowend en vol kultuur en dinge om te doen, maar daar is 'n melankolie in die lug, asof iemand die plek se siel gesteel het. Die mense is vriendelik en pragtig en hoogs ingelig oor sake van die dag, maar wat van sake van die hart? Waar is die spontaniteit, die warmte en die blatante eerlikheid wat Namibiërs so uniek maak?

Ek trap sommer met die intrapslag op tone met dié veralgemening en dalk is dit blote onaanpasbaarheid aan my kant om in 'n Groot Stad te oorleef, maar daar wil ek nie bly nie. En hulle sal my ook nie daar wil hê nie, want ek is hopeloos te onverfynd vir daardie vorm van beskaafdheid.

Hulle doen ook oënskynlike vername dinge wat my laat opkrul van die lag. Soos die "persoonlike" kolom in 'n bekende dagblad wat as volg lui:

"Professor Doktor en Mevrou de Lillie van Swendelaarswater sal oor die Kersseisoen saam met hulle dogter, Jillie, van Hoogenhoutsfontein, en haar verloofde, Jip du Pré, op Stilstrand vakansie hou waarna hulle Europa sal besoek.

Mnr. Ambie Dahl van Pniel sterk tans tuis aan nadat die kampeerstoel onder hom meegegee het. Me. Yosi de Haag en haar maltese poedel, Floozy, kuier tans by haar ouers op Gordonsbaai waarna sy haar studies in Uiters Gevordere Wiskundige Statistieke aan die Universiteit van Cambridge sal voortsit."

En hoekom wil ons dit nou weet? Dan betaal hulle nog ten duurste om die broodnodige inligting gepubliseer te kry.

Miskien sit ek die pot lelik mis hier, maar is dit nie ietwat belaglik nie of is ek te kommin om te verstaan?

En hoekom is die alewige titels so belangrik?

Gaan staan in die ry by die supermark of die apteek, en binne vyf minute sal jy dosyne kere aankondigings moet aanhoor soos "dit is my aanstaande skoonseun, William. Hy is 'n dokter. Van Toronto. In Kanada." Die spreker het groot hare en stywe dun lippies en 'n stem wat deur heen klief. Jy verwag dat William van Kanada ook nasaal gaan oorkom, maar dan sê hy met 'n lekker Malmesbury-brei vir die apteker: "Miggag, Anita. Goed om jou weeg te sien." En die apteker begin lag en sê: Hallo, WILLEM, onthou jy my sowaar?

Tannie Hare ruk haar op en sleep vir Willem by die deur uit, seker om hom 'n les in Stellenbosch-etiket te gaan gee voor hy met haar dogtertjie mag trou.

Nee, werklik, sowat van tyd- en energiemors het ek lanklaas gesien.

Gee my 'n duisend maal eerder boksiewyn in 'n plastiekglas en 'n stuk biltong in die hand as 'n kristalnommer driekwart gevul met Merlot teen die perfekte temperatuur.

Gee vir my die Namibiese son en die woestyn en die veld, eerder as die Kaapse wind en die Waterfront en die Berg.

Liewer onse kerk se mense wat 'n halfuur laat by Hosea Kutako aangejaag kom om jou op te laai en dan "sorry ek is laat" uit volle bors oor verwilderde toeriste se koppe skree en dan terug in die kar sê: ons gaan by Kapps stop. Ek het klaar vir die kinders Fantas bestel."

Dan sit jy by Kapps en 'n paar windverwaaide bikers kom ingedrentel en almal gesels oor dit en dat en jy sug van lekkerkry oor jy by die huis is.

Omdat tyd hier stilstaan en mense nog tyd het. Vir mekaar, vir die lewe.

Omdat die Kaapse groen nooit die Namibiese groen kan wees nie.

[Terug na Inhoud](#)

10. DJ's

Dit is seker een van die mees senutergende beroepe, dié van radio-omroeper.

Self het ek dit nog nie gewaag nie en ek dink ook nie ek sal ooit die guts hê om dit te doen nie, maar as jy so dapper wil wees, dink tog net voor jy praat.

Een Sondagoggend is ek heel dikbek besig om die week se kleertjies te stryk toe die vroulike omroepster oor die radio met die volgende genialiteit vorendag kom:

'... en vir die luisteraars wat nou in die kerk sit en wie se gedagtes by vandag se krieket is, hier is die jongste telling...'

Die strykster stol in die lug terwyl my lippe die plank tref. Ek kan nie glo wat ek hoor nie. Hoe dink die vrou? Behalwe as sy aan die een of ander denominasie behoort waar kerkgangers by die tempel se deur van mini- transmitters voorsien word, is daar groot fout.

Ek het net gewag dat 'n kerkganger moet inbel en sê, 'Hallo, ek was juis besig met 'n psalm toe ek wonder wat gaan op Nuweland aan. Baie dankie vir julle wonderlike diens. Ag, en terwyl ek nou op die lug is, wil ek tog net vir Maria by die huis sê om te kyk dat die braaihoendertjie in die oond nie uitdroog nie.'

Verbeel jou.

Dan is daar omroepers wat in spanne uitsaai en mekaar probeer troef met inteltek en woordspoed. Die een is tog net te slim vir die ander een en so praat almal gelyk en al hoe harder. Soms knip my oë al vinniger soos ek probeer om die 'gesprek' of 'debat' te volg. Maar al wat ek optel is 'n migraine.

Nog 'n gunsteling is natuurlik die vroulike omroepsters wat in sulke hoë ek-kan-tog-glaskraak stemmetjies teem of so erg nasaal is dat 'n mens hulle wil bel en 'n goeie oor-, neus- en keelspesialis aanbeveel.

Ek is nie 'n formidabele musiekkenner nie, maar ek weet darem wie die kunstenaars van my gunstelingliedjies is. Dan moet 'n DJ nie aanmekaar sê 'en dit was Elton John met...' as dit ROBERT DOWNEY JUNIOR was nie. (Ja, hy kan sing ook, vra maar vir enige Ally McBealaanhanger.)

Ek sal mos nooit, ooit my radio harder draai vir daai ander snaakse man met die simpel brille nie.

En hoekom moet DJ's vir amper twee minute bo-oor musiek praat wanneer die song begin? Die dae van 'aftape' is tog verby of is die DJ 'n sadis wie se tone omkrul van lekkerte omdat hy in sy geestesoog kan sien hoe tienduisende luisteraars hiperventileer in 'n poging om tog net daai song te kan hoor!

Daash deejaysh wat fweeshlike shpwaakpwobweme het en shê iemand tof viw my wat die idee van die geshuis ish?

Hulle moet saam met die Aymêrriekin-nabootsers gepos word.

Soos ek sê, ekselwers kan dit nie beter doen nie, maar dan sou ek as die Baas van die Geraasplaas liever non-stop musiek speel totdat ek die perfekte DJ kry.

Ek is darem nie net 'n genadelose bondel kritiek nie. Party oggende kry ek die DJ's wat verjaarsdagmense moet gelukwens, baie jammer.

Dit is vroeg in die oggend, ja, maar dink net hoe moet die omroepers én die persone wat die boodskap aangevra het voel wanneer die uitverkorene na 'n groot gesukkel uiteindelik op die lug kom en die volgende reaksie toon:

'Hallo, is Petros daar?'

'Gmmfffgghh...'

'Kan ek met Petros praat? Dis Abe van Radio FLM.'

'Uhm...'

'Petros? Geluk met jou verjaarsdag! Jy moet 'n great dag hê! Jou hele familie aanbid die

grond waarop jy loop! Jy is in almal se harte vandag! Almal is lief vir jou! Radio FLM stuur vir jou 'n tjek van N\$50 000 omdat jy ons eerste verjaarsdagwens vir die week ontvang! Baie geluk!

'Ok...' Klik, sit Petros die telefoon neer.

Dis 'n goeie ding dat ek nie op die lug losgelaat word nie. Ek sal binne 'n week soveel dagvaardigings ontvang dat die stasie sal sluit. Petros sal emigreer as ek met hom klaar is. Daarom ook 'n pluimpie vir die omroepers wat op hulle tande byt en vinnig op die voete kan dink sonder om enigsins te laat blyk dat hulle op enige gegewe oomblik eerder wou skree: GET A LIFE, MAN!!!

[Terug na Inhoud](#)

Minette

11. Een dag op, ander dag af

Dis een van daai dae wanneer alles in sync is. Van die oomblik wat jy opstaan en jou eerste asemteug van hierdie beautiful land se ongelooflike lug intrek, nog halfdonker buite met silwer strepe op die horison. En wanneer die son oor die bergtop krul, waai die palmbome se blare goudblink in die ligte bries wat van ver lande vol geheime aangesweef kom.

Dis dae soos vandag wat jy meer as mens voel, wanneer jy besef daar is iets onsigbaar om jou, iets wat jou anderste laat kyk na die alledaagse, asof die samestelling van jou oë verander het.

En alles klink anders, sagter, vreemd-bekend.

En jy weet hierdie gevoel is net tydelik en kan môre vir te lank weer weg wees, dalk oor tien minute verdwyn, maar dis genoeg om die lewe sin te gee, om weer te besef, ons weet niks.

Ons kan net ervaar.

Koerante vol slegte nuus beteken niks, is alles van verbygaande aard...oh, pah-leeze...rol Neels sy oë toe hy oor my skouer lees. Is jy verlief?

Nee, sê ek, net bly vir hierdie enigste ou lewe in hierdie ou deurmekaarste mooiste land.

Aggassablieftog, blaas Neels, en my verhewe gevoelstatus wil-wil verdwyn. Gaan weg, kners ek liefies en genadiglik sleep hy homself terug na sy tafel toe.

Net toe ek weer terug in die "gevoel" is, swaai hy sy stoel om en rol tot by my lessenaar.

Ag toe nou, por hy my aan. Jy is verlief, né, né? Kom. Sê my, sê my. En hy gee een van sy vermakerige grinnike wat my teen die mure uitdryf.

Die "gevoel" verdamp ook sommer op die plek, want soos altyd, het Neels die manier om my binne 'n millisekonde te laat strip (terwyl hy homself besimpeld lag oor hy dit elke keer regkry.)

Ek is nie verlief nie, gil ek vir die wêreld om te hoor.

'n Massiewe stilte daal oor die kantoor neer soos vingers bo sleutelborde vries en ore regop spring.

Izziiiiit, suis dit oor die vloer.

"Nou hoekom moet ons van die begin van die jaar af luister na die liefde terugsit in die lug, die jaar van romanties wees, bla-bla-bla," snou Neels vermakerig.

"En moet tog net nie vergeet van skrikkeljaar nie. Jy het tog sekerlik plannetjies om 'n man aan te keer sodat jy die wit rokkie en die haartjies en die flappende duifies in die katedraal- ding kan doen," en Neels lê soos hy lag vir sy eie ou grappies.

Agassablieftog, blaas ek. Liefde is soos die kolkende branders van die see. Pragtig, skouspelagtig, inspirerend en dodelik. Los my nou uit, brom ek en geleidelik keer die kantoor terug na normaal.

Dis een van daai dae wanneer alles deurmekaar is. Van die oomblik wat jy opstaan en met altwee voete verkeerd trap, die lug so 'n vaal-grou dof is en wanneer jy 'n diep asemteug wil neem, gaan jy aan die hoes van al die kieme op aarde.

Wanneer die son opkom, brand hy die wit waks uit jou uit en die palmbome slaan almal in verleptheid neer. Dis dae soos vandag dat 'n mens allesbehalwe 'n mens wil wees..."Ek weet nou," skree Neels oor my skouer. "Daai koppie raas want sy het ophou rook!"

"Sy probeer, ok, sy probeer," sug ek baie swaar en eet toe maar nog 'n pastei.

12. Ek is terug in die land van my baar

Na sewe maer jare is dit tyd vir daai sewe vettes.

En waarom is jy terug, wil die tantes en die ou(!) skoolpêlle weet. Want dis my land van velen-been. What you see is what you get. Hier is nie tyd of plek vir 'padding' nie. Hier baklei jy nog op die Boere-manier. Kaalvuis en kaalvoet. Maar voor ek aangevat word deur die PK's en die regering: ek is nie terug om te baklei nie. Daarvoor is ek lankal te (kaal)vuisvoos en te 'mellow'. Ek is hier om die soet reuk van grond na die reën op te snuif. Om sonsondergange soos die Wederkoms te ervaar. Om weer mens te word. Want hierdie land is my land.

Hierdie mense, my mense, onse-kerk-se-mense. Ai, hoe sopperig.

Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek sien al die veranderinge. Ek verdwaal in my dinges in.

Op pad na my vriendin in Pionierspark gaan draai ek eers in Rehoboth. 'n 'Bypass.' In Windhoek. Ek was lank weg. Wanneer iemand vir my aanwysings gee van Eros na Kleine Kuppe (is dit in Windhoek?) moet ek eers vertaling doen. Jy bedoel ek moes links draai in Klein Windhoekweg. Hoekom sê jy nie van die begin af so nie? RIP van Winkel. Dis ek daai. Maar dis lekker want dis nuut. En jy weet wat hulle sê van 'n 'change'.

Tog is daar iets wat my ietwat droewig stem. Waar is al die 'happy' mense heen? Ek het juis uit die Kaap gevlug vanweë die graad van suurheid daar. Nou wil dit vir my lyk of die wrede simptome hier ook begin kop uitsteek. Ek wil dit nie glo nie.

Daarom hoop ek jy sal verstaan as 'n wildvreemde, bebrilde 'girl' jou oorweldigend vriendelik groet in die ry by die bank. As dieselfde 'girl' vir jou (met woeste armbewegings) wys dis OK, jy kan maar eerste ry, Oom. Dis ek daai, Oom. Nee, ek wil nie benoem word in jou testament nie. Ek soek nie jou guns nie. Ek wil net goed voel hier in my lekker plek. Al is party winkels toe tussen een en twee. Al soek ek parkeerplek en dis 45 grade in my karretjie. Dan eet ons maar mince-en-minute-noodles vir 'n week en gebruik die grocerygeldjies vir 'n Swakopnaweek.

Want in die hele wye wêreld is daar nie nog 'n seeplek, 'n eetplek of 'n vryplek soos Swakopmund nie. En voor my ooms en tannies nou begin hyg van verontwaardiging, probeer eers die volgende: gryp mekaar om die hals, sit af see toe en soen mekaar op terwyl daai son lui-lui en al smaailend in die see verdwyn. Kom dan terug huis toe en smaail weer vir mekaar soos destyds oor die opsitkers. Probeer dan met my stry.

En dit geld vir almal. Neem op julle lippe en soen. Drink maar die anti-virus in die geheim. En siedaar. Al die swarigheid verdwyn.

Ek is nostalgies-melankolies gebore. Vloek van die Steenbokke. Maar in hierdie land van kaalgatkinders en leepoog bokke is ek 'happy'. Hier sal ek eendag 'n loshart-bosman raakloop en hy sal vir my sê: waar was jy al die tyd? En ek sal hom doodluiters herinner dat daai vraag nie hier gevra word nie. Nooit nie. Want my tyd is my tyd. Maar vir eers moet ek nog 'n paar boksies uitpak. In my nuwe huisie. Nie hier op papier nie. Want die bottom line is dit: dis lekkerste hier in 'Mibië' -- soos my kinders sê -- en hier gaat ons bly.

Want my goed is my goed.

Minette

[Terug na Inhoud](#)

13. Fantasie

Hier volg 'n fantasie.

Ek wil wegvlieg uit hierdie kantoor en myself in ander plekke bevind. Driving along Sunset Boulevard saam met vriende in 'n convertible. Wind-innie-hare musiek met 'n kas Breezers op die agter seat. Soos in die movies. Op pad na nêrens daar ver op die horison. Die reis is die bestemming.

Daar is 'n Engelse gesegde wat lui: Never sit in front at the ballet. It spoils the illusion. Dis waar ek wil wees. Ver weg van die voorste gestoeltes.

Ek wil my raserige kop stomslaan met wonderlike scenery en illusies. In limbo.

Daardie stil plek tussen realiteit en droom waar jy in beelde leef. In my limbo is dit altyd pas voor sononder. Wanneer alles in silwer en goud gestreep voor jou lê. My favourite tyd van elke dag. Stiltetyd.

Om dan stil te hou en die woestyn in te stap, vuur te maak en die pienk-blou lug met een asemteug in te suig. Sodat my binneste behaaglik pienk-blou sug. Ek word die lug, die vuur, die woestyn. Ek kyk met wakker gekko-oë rond, sien verder as die horison. Ruik 'n olifantrop en skarrel weg, kruip tussen dennenaalde uit en verander in 'n uil. Hoe-hoe...

"Hoe ver is daai briewe," brul die Baas. Ek knip-knip my mense-oë verward. Die fantasie ontplof in 'n duisend silwer skerwe. Baas loer oor my skouer.

"Wat is 'wind-innie-hare' musiek," wil hy weet. Ek raak begeesterd. "O," babbel ek, "dis gewoonlik seventies-eighties musiek. Musiek wat jou oplig, weglig, sodat jy flater- en voëlvry voel." Ah, gaan die lig vir hom op. "Soos Bles se You're the Eagle, I'm the wind?" "Nee," keer ek in absolute horror. Dan sien ek die geamuseerde trek om sy mond. Hy lag vir my.

"Toemaar," paai hy, "ek verstaan presies wat jy bedoel. Los alles. Loop tog net."

Ek vat die pad.

Maar nou sukkel ek om terug te klim in die leë convertible. Iets is missing. Terwyl Baas met my gesukkel het, het my padmaats al die Breezers gedrink en verder gehike.

"Hallo?" My stemmetjie weerklink yl in die koue aandlug. "Iemand daar? Iemand wat wil saamry?" Terwyl ek wag vir 'n antwoord skeep ek my fantasie-reisgenoot. Hoe sal hy lyk? Waaroor sal hy praat?

Ek start toe maar die kar en ry stadig verder. In die verte staan 'n donker figuur. Ek dink ek gaan dit oplaai.

Toe ek langs hom stilhou, wonder ek. Hy's baie groot met 'n woeste baard en kwaai wenkbroue.

"Waarheen nou?", vra ek bewerig toe hy sy reuse lyf langs my neerplof. "Noord," grom hy en ek ry.

Hy vroetel in sy flarderige rugsak en haal 'n kasset uit. Tom Waits kom sit in my ore. In my hart.

Dan druk die Reisiger 'n kaartjie in my hand. Ek lees so tussen die dryf deur. My naam is nie van belang nie. Ek is 'n skilder, 'n beeldhouer, 'n skrywer, 'n Afrika-reisiger. Ek gaan Noord.

"Hoekom?" wil ek weet. In die donker kan ek voel hoe hy vir my gluur. "Jy praat te veel," brom hy.

"Bly stil en luister." Hy trek sy velhoed ver oor sy oë.

Ek wil my eers bloediglik vererg en sê: "Hey, dis my fantasie hierdie. Jy kan nie so met my praat nie." Maar hy sit onder my vel en ek wil hom daar hou. Toe bly ek stil.

En skielik is ek rustig. Tevrede. "Bly by my," vra ek. "Ek wil saam met jou Noord. Hierdie alleen travel is nou te veel vir my."

Hy skud sy kop. "Jy ken my nie," sê hy. Vriendeliker as vroeër, dog steeds onverbiddelik.

"En as jy my eers gewoon is, bly daar niks oor nie. Die song is klaar. Laai my af."

Ek sien hom kleiner word in die tru-spieëltjie. Dan is hy weg.

Die convertible hou voor die kantoor stil. "Waar was jy?" vra Security.

"Noord," lag ek breed. "En môre gaan ek weer. En die dag daarna. En daarna..."

14. Francina Skrywer is dood

Ma het vanoggend gebel. Die res van die dag was vaal.

Ek sweef langs skoolpaadjies terug na lui somersdae in Ousiegoed se kombuis. Waar Ma soos 'n indringer gevoel het in haar eie huis.

Ek sien myself op die babakamer se mat. Kop teen die bed se rand terwyl Ous met ongelooflike deernis vir Boeta bad. Met dieselfde hande wat 'n skoppie met dodelike akuraatheid tussen my skouerblaaie kon plant. Oorlat ek so mors. Oorlat ek haar weer skrikgemaak het. En kon sy skrik. Vir skielik om die draai kom. Vir 'n onverwagte "Hallo, Fransien!" terwyl sy staan en stryk. Veral vir rubberslange.

Tussen Ma en Ous het die huis geloop soos 'n masjien. Waar een los, het die ander oorgevat.

In 'n stil-stil verstaan van vrouwees. Die enigste twispunt was haar obsessie met wasgoed.

Jy kon dit nie waag om enige vorm van 'n kledingstuk net vir 'n rukkies neer te sit nie. Dan het sy dit. "Hierie ding lyk vuil." Jy moes dan mooi verduidelik dat jy eintlik besig is om nog aan te trek en dat die "vuil" item pas uit die kas kom. Sy sou jou dan met skrefies-oë aangeluur asof sy jou higiëne in twyfel trek.

Ek was op universiteit toe Ma eendag bel. "Praat asseblief met Francina. Haar kleinkind moet gedoop word en sy wil 'n naam by jou kry." My oog val op 'n plakkaat van die platinum sangeres wat later die aand op kampus optree. Ek moet bieg dat die verbinding tussen Windhoek en Pretoria die dag nie baie hot was nie.

"Patricia," sê ek. "Heh?" vra sy.

"Patricia!" skree ek. "Au!" gil sy. "Ek like hom!"

En daar hoor Francina verkeerd. Met die volgende vakansie word ek toe met groot entoesiasme voorgestel aan Metricia. Maar almal was happy en ek wou nie verder bodder nie.

'n Mens mag nie spot oor 'n ander se hartseer nie, maar ons Ous het nie net gehuil nie. Die trane het letterlik gespuet soos daai marmarbeeldjies in fonteine. Sy kon ook die traankrane na hartelus oop- en toedraai.

Oor Meneer wat te kwaai gegroet het, oor Mevrouw se pyjamas oor die muur gewaai het, oor sommer net vir die lekker. Dan sou sy die res van die dag buite aksie wees en met vreeslike snuif- en suggeluide deur die huis steun. En moenie waag om te vra wat fout is nie, want dan kry jy 'n relaas wat strek van die voorvaders se sondes tot jou eie tekortkominge.

Sou jy die dag siek wees, was daar volgens haar net een kuur. Goeie ou Zambuc-salf. Van verkoues tot skurwe hande het sy met die groen smeersel gedokter. Ek glo tot vandag dat dit haar vasberade houding was wat gesond gemaak het.

Niemand kon 'n tas pak soos Francina nie. As Meneer laat weet het dis weer toertyd moes almal terugstaan. Dan het sy vir twee ure in afsondering inbeweeg en met militêre presiesheid elke sokkie, sakdoek, hemp en broek spesiaal laat voel.

En nou is Ousie dood. Weggevreet deur die kanker. Die familie wou die beste dokters laat kom, tot haar groot verontwaardiging. "Nou waar is julle se geloof?" het sy gesnou.

Inderdaad.

Ek hoop jy's happy waar jy is, Fransien. Soos ek jou ken sal jy nie stilsit nie. Die Hemelwesens slaan seker hande saam oor daai Poort se stoepe nog nooit so geblink het nie. Sing hard saam met die koor, al was jy altyd so skaam oor jou "valsegeit oppie noot." Ek hoor jou en ek verlang. En ek is bly ek kon jou ken. Sorry oor die slange, Ousie. Jy kan my maar met die hemel se besem jaag as ons weer ontmoet.

Francina Skrywer is dood. Lank lewe al die Francinas van die wêreld!

15. Groente

Die een wat nou die dag in 'n supermark "N\$ 12 VIR 'N KOMKOMMER?" gegil het, was ek. En dan het die ou groen dingetjie meer gelyk soos 'n jong aspersie op steroids.

Hartseer tamaties wat verlep oor die rakke lê en loer, ingeduike miniatuur aartappels, verrotte appels, dié dryf my na vrywillige skeurbuik.

Ek verneem onlangs by 'n vriend in die handel dat dieselfde sakkie aartappels wat in Suid-Afrika R30 kos, hier by ons 'n volle N\$60 kos.

Nou vra ek jou. Watter vorm van vervoer word ingespan om die sakkie hier te kry? In 'n vergulde houer uitgevoer met purper satynlap? Word elke aartappel individueel per hand oor die grens gehelp? Begelei deur die president self?

Nee, werklik, so kan dit nie aangaan nie.

Dit my jare geneem om vrywilliglik brokkoli, blomkool en boontjies in te neem. My ma was so trots. Maar nou het my gesondheid begin ly onder die druk van onbesonne pryse.

Toe krap ek gisteraand in een van die vele bokse wat na die laaste trek (en glo my, dit was beslis die laaste trek) nog nie uitgepak is nie. Daar val die dagboek uit wat ek op die kibbutz gehou het en skielik staan die mense wat ek lankal vergeet het en al die sports daar in die vreemde na tien jaar weer voor my.

Dis die oplossing, dink ek na die traantjies van nostalgie opgedroog het.

Ons moet 'n kibbutz-sisteem in hierdie land implementeer.

Iewers moet die regering tog 'n stuk (of meer) grond oorhê waar haweloses selfonderhoudend kan raak deur groente aan onse eie mense te voorsien. Dit sal seker nie die maklikste projek op aarde wees nie, maar ek glo dat dit op die lange duur 'n reuse sukses kan wees.

Dink net, 'n plasie net buite Windhoek waarheen 'n mens oor naweke kan ry en die kinders hoenders kan rondjaag en bokke voer. Dan kan die "kibbutzwerkers" handgemaakte items uitstal en kos verkoop.

Sodra die groente in volle glorie op die landerye pryk, kan 'n "Boeremark" (oeps, deesdae moet ek dit seker 'n "Dankie-dat-ek-nog-my-plaas-het mark noem..) Saterdagoggende gehou word waar lede van die publiek teen sonop die heel varste groente teen die heel laagste pryse kan koop. So 'n "first come first serve"-bedryf.

Begin somer 'n steenmasonry ook sodat al die aanbouings vir 'n skooltjie, 'n industriële kombuis, 'n amfiteater en 'n kliniek somer self gedoen kan word.

Ja, ek is 'n dromer en seker nie lekker in voeling met al die papierwerk, finansies, logistieke probleme, bla-bla-bla nie, maar as dit in Israel kan werk, hoekom kan ons dit nie hier maak werk nie? Die tronke is mos oorvol. Span eerder die lede in wat "petty crimes" gepleeg het om in die grond te skoffel en al daai slegte gewoontes met harde arbeid uit te sweet. Teen drie etes per dag wat hulle self aan geplant, geploeg en geoes het. Sal dit nie ook somer die menswaardigheid terugploeg nie?

Maar terwyl ek wag vir die minister van landbou om my te kontak vir die volledige uitleg rondom my briljante konsep, sal ek maar die vitamienpilletjies bly sluk en my groente boikot deurvoer. Al voel my tande lossigerig en is my gesig redelik geel, maar aan 'n N\$10 avokado sal jy my nie sien kou nie...

Minette

16. Hart aan flarde

DAAR is min dinge wat so seer is soos 'n hart aan flarde.

En dit maak nie saak wie watter woorde van wysheid in aller goedbedoelde oomblikke probeer bydra nie, dit werk nie.

Wanneer 'n verhouding op die rotse te pletter geloop het, vat dit meer as boksevol tjoklits en emmersvol trane om te herstel.

Dit vat jare.

Veral as jy vir die eerste keer in ses jaar so simpel was om jou siel vir die opnsy in roerbraai-repies beskikbaar te stel. Omdat jy gedink het, dié keer is ek net te slim, te wys, te gehard om dieselfde foute te maak.

Maar daar gebeur dit toe. En hier sit ek met dik oë.

En 'n diep begeerte om vir die res van my lewe onder my duvet te bly en nooit weer 'n woord te praat nie.

Maar die kinders is honger en Mams bly verdrietig en dit klink al meer soos 'n Briel-song.

En die vertwyfeling vreet soos 'n rot in die Builepesjare. Wat is fout met my? Is ek te ernstig, te laf, te stil, te veel? Moet ek 'n nuwe persoonlikheid aanskaaf?

Maar daar is nie antwoorde nie en op 'n stadium moes ek toe opstaan en aangaan met die ou lewe. In rou gedompel. Vir ewig.

Nie eers Saartjie se verwronge sin vir humor kry my uit die put van donker ellende en pyn nie. Selfs die kopdokter se bydrae van "daar is niks fout met jou nie. Jy is nie die wêreld se grootste konformis nie, miskien by tye 'n tikkie bizarre, maar niks wat jare se medikasie nie kan regstel nie," laat my enigsins beter voel nie. Inteendeel...

En in dié toestand word ek plaas toe gestuur vir 'n storie waaroor ek normaalweg sou op en af spring, maar in die geval met 'n sug aanvaar.

Vat die langpad aan gewapen met al die hartseerste musiek wat ek bymekaar kon skraap en huil die eerste 100 kilometer asof my ingewande uitgeruk word.

Sommer oor alles, die lewe wat so wreed is, die man wat my nie wil hê nie, die dom koringkrieke wat ek in troppe op die pad moet platry om iewers te kom...

En skielik begin die musiek my irriteer en begin die trane opdroog sodat ek wyer kan kyk.

Kan sien hoe ongelooflik mooi ons land is, hoe helder die lug in die aankomende winterson is.

Teen die tyd wat ek deur 'n klein dorpie ry, is daar genoeg van my ou self terug om vir Saartjie 'n SMS te stuur: "Wow, imposante stad, dié Witvlei..." En ek lag te lekker vir my eie simpel grappie.

Op die grondpad Drimiopsis toe, speel ek Paris to Dakkar en verbeel my ek is die wêreldkampioen soos die bakkie in die dik sand rondwoel.

By die plaashek aangekom, staan 'n kennisgewing opgerig wat lui: Jy is gelukkig om veilig aan te kom. Geniet jou verblyf.

Ek is inderdaad gelukkig. Want ek het nuwe mense ontmoet, die mooiste diere gesien, 'n mak eland se attenties met waardigheid ontwyk, my verkyk aan 'n sonsondergang en laatnag oor die biljoene sterre gesnak. En ek het my verblyf meer as geniet, ek het daarin my kop skoongemaak, myself weer op die voete gekry, weer bevestiging gekry dat die lewe tog die moeite werd is.

Al is die koringkrieke dom en ons almal by tye 'n tikkie bizarre.

En miskien, miskien moet ek tog maar vir die eerste keer in ses jaar die kans vat en myself maar gaan voorstel aan daai man wat ek dink my nie wil hê nie...

17. Hoekie vir eensames

Dis Skrikkeljaar, Dames, en vir die wat nie weet nie, die jaar waarin ons die Vraag mag vra. Die legende lui dat hierdie tradisie sy oorsprong in die 5e eeu in Ierland gehad het, toe Sint Bridget (sien, daar is vroulike heiliges!) by Sint Patrick gekla het oor die mans daai tyd al so lank gevat het om op hulle knieë neer te val en die ja-woord te vra.

Sint Patrick, wyse man wat hy is, sê toe dat vrouens voortaan op die 29e Februarie die vrawerk mag doen omdat dié dag volgens die engelse regstelsel geen wettige status gehad het nie en gevolglik die ideale dag was om 'n verouderde en onregverdige gebruik reg te stel. In 1288 is 'n wet in Skotland aanvaar waarin vrouens toegelaat is om gedurende Skrikkeljaar "trou-met-my" te prewel. Die beste deel van dié wet is dat enige man wat so 'n huweliksaamsoek sou weier (en nou raak dit lekker), 'n boete moes betaal wat wissel van 'n boetedoeningskus of 'n paar syhandskoene. (Ek sou raai dat die meeste vrouens die laaste opsie sou kies, want wie wil nou gesoen word deur die symste man wat pas jou aansoek afgelag het?)

Die Grieke waarsku egter dat 'n mens nie in 'n Skrikkeljaar moet trou nie, aangesien die paartjie vir ewig verdoem sal wees.

Daarom, Dames, is dit nou die tyd om tot aksie oor te gaan.

Ek wil die liefde in die lug terugsit en ek gaan nou 'n hoekie vir eensames in Namibië begin.

Na aanleiding van die menigte klagtes wat ek sedert verlede jaar moes aanhoor, het ek dit goed gedink om dié in nood by te staan.

Belangstellendes van beide geslagte kan skryf aan: Onder die Dekmantel, Windhoek, en briewe moet in die volgende formaat wees met die inligting soos aangedui: 'Poppeloppie van Windhoek is 'n 50-jarige enkelma van twaalf wat (al weer) op soek is na haar sielemaat. Mans wat hou van kosmaak, die natuur, dans, musiek, rofstoei, motors, kinders, tuinmaak, kleremaak, huishou, bederf, groot geskenke koop, braai, vrugte inlê en visvang, moet dadelik skryf. Geen rokers, drinkers of kansvatters. Ek is ernstig, met roesrooi skouerlengte hare en ligpers oë, 1.3 meter lank en weeg 378 kg.' Of: 'Damduiker van Drimiopsis is 'n 104-jarige manlike skuba-entoesias met geen onafhanklikes. Dowwe blou oë, geen hare, eie tande, stewige bou en bankbalans. Dames tussen die ouderdomme van 75 en 100 met eie vervoer en geldige rybewyse kan skryf. Foto's is verpligtend.'

Om sake vir die vrouens met voornemens verder te vergemaklik, bied ek 'n paar goue reëls aan om, hopelik, mans beter te kan verstaan: Sportuitsendings, veral op Saterdag, is soos volmaan of die verandering van die getye. Aanvaar dit. En as jy iets moet vra, doen dit tydens die advertensies. Om inkopies te doen word nie as 'n sportsoort beskou nie en nee, mans gaan nooit hulle opinie hieroor verander nie.

'n Tranedal is niks anders as afpersing nie en vra as jy iets wil hê, want skimpe werk nie. As jy dink jy is oorgewig, is die kans goed dat jy wel 'n paar kilo's moet afskud. Moenie die man daarvoor vra nie. Alle mans kan net 'n handvol kleure onderskei. Appelkoos is 'n vrug, turkoois is 'n gesteente en geen man het 'n idee wat mauve is nie. Moet nooit, nooit 'n man dwing om tussen jou en sy motorfiets te kies nie, want die kans is goed dat jy gaan verloor.

As 'n man jou vra wat fout is, moenie sê: niks nie. Die man weet jy jok, maar is nie lus om die moeite aan te gaan nie en sal aanhou optree asof daar niks fout is nie.

Christopher Columbus het nie rigtingaanwysings nodig gehad nie en daarom het geen man dit nodig nie.

En Dames, die laaste, maar volgens die manne die belangrikste reël: 'n hoofpyn wat sewentien maande duur, is nie normaal nie. Maak 'n afspraak by die dokter.

Ek neem aan Windhoek sal op 29 Februarie leegloop, want al die enkellopende mans sal skielik onthou van belangrike sake in die buiteland en met hulle terugkeer gelaai wees met boksevol syhandskoene...

[Terug na Inhoud](#)

18. Jintelman

Feministe en Aspoestertjies moet asseblief nie verder lees nie.

Vandag wil ek 'n lansie breek vir die manne, al spot sommige van hulle met ons ontharingsrituele.

Ek kry mans bitterlik jammer omdat hulle so verskriklik ontwrig word deur 'feministe' wat hul onderklere in hope wil verbrand en male-bashers wat elke man as iets uit die hel beskou. My ma het lankal moed opgegee met my, want ek kan nie 'n lady wees nie. Dis regtig baie werk.

Ek hou van kaalvoet loop, onbeskaamd lag, met my hande eet, deurmekaar hare en min makeup. My ma het my wel een ding geleer: laat 'n man toe om jou soos 'n lady te bederf. En gee hom erkenning daarvoor.

Maar jy moenie aandrang op spesiale behandeling en dan die man soos 'n aap laat voel omdat jy nie vandag op die regte hormonale vlakke beweeg nie.

Moet ook nie die groot femme fatale speel en dan huil as hy jou vasvat nie.

Natuurlik veralgemeen ek. Maar trek gerus die glaspantoffeltjie aan as dit jou pas.

Die geheim lê in die balans wat 'n mens moet probeer handhaaf. Ek kan nie verstaan waarom jou geslag jou effektiwiteit beïnvloed wanneer dit kom by werksaanstellings nie. 'n Dokter bly 'n dokter, 'n prokureur 'n prokureur.

Sou ek vir vyftien jaar by 'n maatskappy werk en telkens vir bevordering oorgesien word sodat die mans kan voortblom, sal ek beslis meer as onderklere begin verbrand.

'n Vrou is ook nie 'n vloerlap nie. Hieroor wil ek liever nie te veel uitbrei nie. Enige man wat homself hieraan skuldig maak, verdien die doodstraf. Maar aan die ander kant is dit ook die vrou se keuse of sy dit toelaat, of hoe?

Ek ken 'n paartjie (of sal ek liever sê, onpaartjie) waarvan die man sy kos elke aand sus en so berei wil hê, sy hemde só gestryk, sy vroutjie só geklee. Snert, sê ek.

Balans, broers, balans.

Om terug te keer na my oorspronklike lansiebrekery: nie alle mans is van die ot-spesie of sharks nie.

Vrydagaand het ek net weer besef watter verskil 'n genuïene glimlag en die regte houding kan vermag. Sodra jy soos 'n normale mens met 'n man gesels, sonder enige bymotiewe, begin hulle ontspan en kan jy net hande saamslaan oor hoe eenvoudig die man-vrou kwessie eintlik is. Die primitiewe drange is vreeslik basic.

Man jag, vrou keer. Man sterk, vrou broos. Man baklei, vrou sulk. Uggah-uggah.

Maklik.

Maar nou kom elke quasi-Freud en analiseer alle fasette van menswees tot die dood toe. Op die ou einde is dit meer 'n tug o'-war as 'n doodgewone verhouding. -

Ek het 'n boks vol ou loveletters wat ek van tyd tot tyd uithaal.

Party laat my smile, party maak my hartseer.

Ek sal dit nooit weggooi nie, want 'n man wat bereid is om sy gevoelens vir jou op papier neer te pen, is 'n ware jintelman en 'n aardsromantikus.

Al skryf hy goed soos: Jy is my meisie/Jou hare lyk soos lusern/Droog en geel in die maanlig/Jou oë is blou soos môredou/Ek gaan jou trou.

Waardeer elke gebaar wat jou man uit die diepte van sy hart en die oortuiging van sy liefde vir jou doen. Al koop hy nooit vir jou blomme nie, al tap hy nooit vir jou 'n skuimbad nie.

Ek is seker hy doen ander lekker goeters.

Dalk stop hy met skreeuende bande op die hoofweg en storm veld in om vir jou 'n pers blom te pluk. Dalk maak hy jou twee-uur in die oggend wakker net om in jou oor te fluister dat hy sopas die hele garage reggepak het. Alles net vir jou.

Al is hy die stil sterk soort wat nooit op partytjies sy liefde vir jou voor almal uitbasuin nie,

gee hy lekker drukkies wat jou heeltemal lam laat.

Dis waar die liefde lê.

Party mense is nooit tevrede nie en soek vir ewig na “daai ene, daai ene”-die Perfekte Een.

Daar bestaan nie so iemand nie. Jy leef in ‘n droomwêreld en kyk meer moewies as ek as jy so dink.

Maar jy kan jou partner vir ‘n slag uit ‘n ander hoek bekyk, besef hy’s ok ma’ mens en dan jou eie faerie tale skep. (Al kry jy’n boor vir Kersfees.)

Aan die ‘feministe’ wat in die teenwoordigheid van ‘n peleton mans self deure wil oopmaak, vuisslaan oor die restaurantrekening, vloek soos ‘n matroos: klim tog terug in daai onderkleertjies.

Dis soveel meer pret.

[Terug na Inhoud](#)

Minette

19. Sy kan nie hier oud word nie

Sy kan nie langer hier bly nie. Nie hier waar elke dag met 'n Grandpa geopen word teen die hoofpyn waarmee sy gebore is nie.

Sy kan nie vir die res van haar lewe tee aandra en bombastiese navrae hanteer nie.

Maar wat anders? En waarheen?

Jare terug was sy heel aantreklik. Daar was selfs 'n jongman of twee wat haar vir pienk milkshakes gestiek het. Maar dié kuiertjies het weldra ook opgedroog, net soos haar hoop.

Sy sug en laat die verlede tyd se gedagtes by die venster uitwaai.

Dit maak haar bang, dié onheilspellende voorgevoel dat sy eendag alleen gaan doodgaan.

Sonder seremonie. Sommer in haar slaap. En wie weet hoe lank dit gaan neem voordat

enigiemand gaan agterkom dat die elfuur-tee nie opgedaag het nie. Dat die telefoon ongeantwoord bly skel. Miskien sal Michiel haar mis, dink sy blosend en betigtigend. Sies vir jou, dink sy skuldig. Laat staan hierdie onbetaamlike gedagtes. Michiel wat nie eers weet wat haar naam is nie. Maar ai, is Michiel nie die man van haar drome nie? Is Michiel nie die donker held wat haar snags ontvoer na ver en geheimsinnige lande nie?

Hou op, hou op, skree die binnestemmetjie. En die gevoelloosheid daal genadiglik oor haar neer.

Haar tyd is byna om op hierdie vleeslike aarde. Daarom sal sy haar geestelikheid voor op stel.

Geen gedagtes oor hoop vir die Sielemaat van wie sy al van kleins af droom nie. Geen verlange na daardie lowergroen plek met miljoene varings en duisende watervalle nie. Die plek waarna sy haar hele lewe lank soek, maar na al die kruistogte dwarsoor die land nog nooit kon vind nie. Behalwe snags, wanneer die donker vir haar oor die vensterbank loer en wonder hoekom sy so hortend asemhaal. Dan hardloop sy kaalvoet en met warrelende hare oor die dounat heuwels van haar Plek. Tot daar waar die man haar met omsingelende arms opraap en styf vashou.

Maar dit stop hier en nou, want wat help dit tog, die gedroom waarvan niks kom nie?

Sy sug weer en begin werktuiglik die soveelste brief vir die Klaagkolom tik. Skud haar kop onbewustelik heen-en-weer oor die oneindige strome geteem op papier.

En dan vang haar oog die naam onderaan die laaste brief: Michiel van Platheuwel. En haar hart draai op sy sy.

Sy lees weer die brief, dié keer aandagtig, .

Liewe Trientjie, Ek is nie die tipe persoon wat myself wend tot klaagkolomme nie, maar my probleem raak nou te groot. Ek is 'n sestigjarige man wat al jare by 'n weekblad werksaam is.

Hier by die werk is daar 'n beeldskone vrou wat nie eens van my bestaan bewus is nie. Ek weet sy hou van pienk melkskommels en dat sy haar lewe lank enkellopend is. Waarom weet ek nie. Dalk het haar hart jare terug gebreek en wil sy nie meer uitreik nie. Wat stel jy voor?

Sy stoot haar stoel saggies agtertoe om ongemerk 'n beter uitsig op Michiel se werkshoekie te hê.

Hy sit donkerkop-onderstebo voor sy rekenaar en wanneer sy skaam voor hom staan, kyk hy vraend op.

Ja? vra hy kortaf toe sy die brief vir hom hou. Die keep tussen sy oë verdiep merkbaar soos hy oor die patetiese woorde gaan. Haar wange gloei soos kole toe hy die brief op die lessenaar neergooi. En? wil hy beneuk weet. Sy swaai om en verstar oombliklik wanneer die nuwe tikstertjie en die kantoorbestuurder haar met breë glimlagge staan en betrag.

Sy vlug deur die parkeerarea na haar losieshuis toe.

Die samesweerders se hoonlag weergalm en klop tot in die nanag deur haar lyf waar sy huilend lê en wag vir die donker by die vensterbank.

Sonder seremonie is sy dood. Alleen, in haar slaap.

'n Week later kyk Michiel op en wonder, waar is die elfuur tee?

20. Yalla Habibi

Twee woorde wat haar lewe sou verander.

Yalla, Habibi, het hy sy laaste brief afgesluit. En toe sy die betekenis gaan opsoek, het die woorde iets in haar yskoue hart laat beweeg.

Hoekom sou hy dit sê, het sy gewonder. Na jare se skryf oor die weer en die werk en nikseggende oppervlakkigheid, hoekom nou dit sê?

Dit maak haar deurmekaar, dié anders as die gewone. Hy weet van haar vrese. Hy verstaan tog dat vriendskap beter as liefde is.

Ek moet gaan, het sy iewers in die middel van die nag geweet. Na ure en ure van wakkerlê, van wonder, van twyfel, het sy opgestaan, die leersak afgestof en begin pak.

Een sak is genoeg vir een mens. Genoeneg vir 'n ewigheid se reise, onbekende plekke, het sy vir die vrou in die spieël verduidelik.

Die spieëlvrou het gefrons.

Jy weet nie wat jy doen nie, het sy gemaan. Jy maak die grootste fout van jou lewe, het sy gewaarsku. Jy ken hom nie.

Miskien, het sy geantwoord, maar na al dié tyd dink ek ek weet wie hy is. En ek wag al 'n leeftyd vir hierdie oomblik.

Die spieëlvrou het begin lag. Werklik, het sy gesnou, dink jy regtig hierdie een is anders?

Dink jy regtig jy gaan dié keer heel anderkant uitkom?

Sy't op die mat gaan sit en in die dowwe skynsel van die maan haar voorkop teen die spieëlvrou s'n gedruk.

Ek weet nie baie nie, het sy gesug, maar hierdie een is anders. Hierdie een is wys, maar alleen. Hierdie een ken die skaduwees beter as ek.

Toe die spieëlvrou niks sê nie, kry sy nuwe moed.

Onthou jy nie meer nie, het sy gefluister, bang dat die ander vrou haar soos altyd sal onderkry.

Onthou jy nie toe jy nog jonk was en nog gedroom het nie? Van vreemde plekke met towernames, van skadumense wat om vure dans, van musiek met oer-oue ritmes en speseryreuke wat jou bedwelm en deelmaak van die droom nie?

Die spieëlvrou het haar kop laat sak. Ja, het sy na 'n rukkie gesê, natuurlik onthou ek.

Drome van 'n prins wat my sou ontvoer en vir ewig soos goud sou oppas. Kelims en tente in 'n spierwit woestyn, dansende vrouens met fyn enkelklokkies en geheimsinnige oë gitswart omlyn.

Sy't begin lag.

En wat van die duisende ander fantasieë, die goue draadjies van hoop, wat ten spyte van die hartseer en die pyn en die eie alleen, jou laat bly glo het dat alles eendag sal wees soos dit moet?

Die stilte het swaar asemgehaal.

Toe sy uiteindelik opkyk, het die vrou in die spieël se oë onnatuurlik in die maanlig geblink.

Huil jy, het sy gevra en verbaas oor haar eie wange gevoel.

Nee, het die een in die spieël gesê, ek het skielik my hart gevoel, vir die eerste keer vandat ek kan onthou.

Sy het opgestaan en die leersak oor haar skouer gehang, vir oulaas haar oë oor die skielik onbekende kamer laat gly.

En voor sy die deur finaal agter haar toetrek, wou sy tog vir die spieëlvrou tot siens sê, vir jare se regophou dankie sê, maar dié was lankal weg.